KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 216
21 Julie 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsvergadering**
**- Lewensbrood**

## REDAKSIONEEL

### Kan die kerk skeur?

Kan die kerk skeur? Hierdie vraag word nou weer opnuut gestel teen die agtergrond van die eerste NGK gemeente (Tafelberg (Dolerend) – nou Vrye Gemeente Tafelberg) wat hulle verbintenis met die NG Kerkverband volledig opgeskort het. Hulle het nie opgehou NGK wees nie, maar bestaan nou as vrygemaak van NG Kerkverband – 'n onverbonde NG gemeente.

Dr. Chris Saayman en sy kerkraad het na jare van protes - en dowe ore aan die ander kant - die brawe daad by die Woord gevoeg. Die laaste strooi in hulle geval was (soos te verwagte wanneer jy teen die vrysinnige gebrek aan suiwer teologie protesteer) die vervolging van die leraar en leierouderling. Ironies is dat die persoon wat hulle aangekla het van kerkskeuring (en deel sou wees van diegene wat hulle sou verhoor) 'n leraar is wat onder andere die viering van “pride”-maand kondoneer en Moslems as Christene se broers en susters beskou.

Daar is baie ooreenkomste tussen GHG gemeentes en hierdie gemeente. Die weerstand teen vrysinnigheid en teologiese dwaling, die protesaksies - insluitend om te doleer, verguising, vervolging en eindelik losmaking van kerklike bande.

Die een groot hamer wat dadelik uitgehaal word, is die “kerkskeuring” aanklag. Is dit geregverdig? Wat bedoel hierdie mense met daardie aanklag?

Dit was veral ná die sendingywer van die 19e eeu, en die sendingkongresse vroeg in die 20e eeu, dat die ekumeniese beweging tot stand gekom het. Die SARK, die WCRC en ander ekumeniese liggame het ontspring uit sendingywer en die begeerte om saam te werk ontspring, maar nie uit teologiese en Bybelse oortuigings nie.

Hierdie ekumeniese beweging streef dan ook onbeskaamd na eenheid van struktuur. Om dit te kan doen, moet die teologie telkens afgewater word om meer perspektiewe te akkommodeer. So het die NGK geëindig met die “huis met baie kamers”. Die probleem is dat behoudendes baie geduldig is en terugstaan in vrome geduld. Daardie terugstaan het uitgeloop op ‘n situasie waar die kerk denke toelaat wat getroue gelowiges teen die bors stuit en die evangelie verloën. Hulle het dan geen ander keuse as om uit so ‘n onheilige alliansie te tree nie. Tot watter mate kan strukturele eenheid as die sine qua non gesien word? Wat leer ons uit die Bybel en die kerkgeskiedenis?

Eers twee kort en verwante opmerkings; daar was nie aanvanklik ‘n kerklike struktuur soos ons nou daarop aandring nie, gemeentes (wissel woord ‘kerke’) het losstaande van mekaar gefunksioneer. Ons lees selfs in Openbaring dat Johannes opdrag kry om aan die sewe kerke (Ekklesia in Grieks) te skryf. Daarmee saam moet ons stel dat daar van vroeg af geen strukturele eenheid was nie. Ons lees nêrens in die Bybel van

'n aandrang op strukturele eenheid nie. Inteendeel, in Handelinge 15 sien ons dat die werk steeds voortgaan ten spyte van 'n bitter skeiding van die weë.

Die fokus van kerkeenheid was van meet af aan op die eenheid in leer teenoor dwaling en vals leringe. Daar was baie struikelblokke vir die eerste Christene. Van buite was daar soms vervolging. Van binne was daar wolwe in skaapsklere wat die Evangelie verdraai het. Die stryd na buite is gestry deur getrou in lydsaamheid vas te hou aan die beloftes van Christus. Na binne was daar gesprek gevoer en raad gegee. So sien ons in Paulus se briewe dat gemeentes oor dwalinge aangespreek word en reggehelp word. Ons lees van die eerste "algemene kerkvergadering / apostels beraad" waar daar teologiese gesprek gevoer is en konsensus bereik is. Die gemeentes het onafhanklik van mekaar bestaan, elkeen na eie aard in eie situasie, saamgebind deur die leer van die Apostels. Die eerste geloofsbelydenis het ook duidelik die kerk se eenheid gesetel in die eenheid van leer. Gemeentes het ook vir mekaar gesorg en gehelp soos blyk uit die kollekte vir Jerusalem.

Soos die gelowiges in getal toegeneem het, het daar groot en klein gemeentes tot stand gekom. Elke gemeente het eie sake bestuur. In die stryd teen dwaling (Pelagius en Arius byvoorbeeld) het die gemeentes na buite raad gaan vra. Met verloop van tyd het daar sentra ontstaan waar daar genoeg teoloë was om diepgaande gesprek moontlik te maak.

Mettertyd het elke een van hierdie gemeentes se hoofleier die status van patriarg gekry – patriargale leiers / teoloë. By hierdie patriarge het gemeentes om hulp gaan aanklop. Die patriarg se gesag in gesprekke is gerespekteer en was daarmee saam waarborg van ortodoksie. Die gedagte was dat die patriarg se setel teruggevoer kon word na 'n apostel. In die Latynse Weste was daar die patriarg van Rome, in die Griekse Ooste was daar 'n patriarg by Alexandrië, Antiogië, Konstantinopel (Byzantium) en later ook Jerusalem. Weens verskeie faktore het drie van die Griekse Patriarge weggeval en daar het eindelik net twee patriarge bestaan; een in Rome en een in Konstantinopel. Al was dit tegnies steeds een kerk, het die Weste onder leiding van die patriarg (Papa – Pous) Latyn gepraat en 'n meer sistematiese teologie bedryf, terwyl die Griekssprekende Ooste onder leiding van die patriarg (nou steeds so bekend) meer liturgies en misties in hulle benadering was.

Die eerste sewe Ekumeniese Konsilies is gehou nadat die Christene nie meer vervolg is nie en die Christelike geloof het later selfs staatsgodsdiens geword. By hierdie konsilies is daar - op grond van konsensus - eenheid in die leer van die kerk gevestig en gehandhaaf.

In beide die Weste en die Ooste het die twee patriarge leiding geneem en met gesag gepraat, altyd onderhewig aan besluite van die konsilies. Leo, een van die mees ambisieuse pouse, wou beheer kry oor die hele kerk. Hy het dit op verskillende maniere probeer doen. Deels as gevolg van die verskil in taal, die optredes van die pous en veral die Weste se byvoeg van die woord "filioque" (en die Seun) by die Niceense belydenis, het die Weste en die Ooste 'n skeiding van weë beleef. Die "filioque" het diep teologiese implikasies behels ten opsigte van die leer oor die Triniteit, die Seun en die Heilige Gees. Die verskil in klem het gelei tot die groot skeiding in 1054.

Die Ortodokse Ooste het teologies nie verder ontwikkel nie. Sonder verdere konsilies het hulle aan die eerste sewe konsilies se besluite getrou gebly. Die Weste het onder leiding van die pous bly bou aan teologie. Het die kerk maar by die Bybel gebly, sou die ontwikkeling dalk

anders verloop het. Ongelukkig het die leer oor tradisie en die leer oor die onfeilbaarheid van die pous tot gevolg gehad dat die Roomse kerk teologies op die verkeerde pad beland het. Die vele Roomse dwalinge het tot die volgende belangrike skeiding binne die Roomse kerk gelei: Die Reformasie het om duidelike teologiese redes plaasgevind omdat Skrifgetroue gelowiges nie verder deel wou wees van die Roomse kerk nie.

Die wekroep van die Renaissance was ad fontes, terug na die bronne. Daardie wekroep is veral relevant in teologie en die kerk. Teologie moet teruggaan na die bron van alle nadenke; God se openbaring. Ons ken die totaliteit van dit wat God vir ons saligheid openbaar het, as die Bybel. Die kerk, as die plek waar hierdie nadenke primêr grondvat, is ook gebou op eeue van ontstaan, ontwikkeling en verandering. Die Protestante het met die sola Scriptura wekroep, die Woord weer prominent gemaak.

Daar word binne die teologie ook oor die kerk nagedink; daardie dissipline staan bekend as ekklesiologie. Ons nadenke oor die kerk moet met ander woorde begin by die Bybel. Wat sê die Bybel oor die kerk en wat kan ons aflei uit die Bybel oor die kerk? Die eerste bousteen van die ekklesiologie moet die Bybel wees. Die Apostolicum som die Bybel op met die woorde: “Ek glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.” Die Niceense belydenis (die oudste amptelike belydenis gefinaliseer in die vierde eeu te Konstantinopel) praat van “gegrond op die leer van die Apostels”. Die eenheid van die kerk is nie elders as in die leer van die kerk te vind nie.

Geen argument gaan gewen word deur te sê "dit moer\t daar staan" nie. Die eenheid van die kerk is in die leer van die Apostels te vinde; die eenheid in Christus. In die Weste, was die kerk onder magsbehepte pouse een in hiërargiese struktuur waarin jammerlike dwaalleer gevestig is. Gebede tot heiliges en verkope van vergifnis uit die “skat van goeie dade van die heiliges” is voorbeelde daarvan. Die Reformasie was ‘n noodsaaklike herstel van die suiwer leer.

Die eenheid in die kerk word gehandhaaf deur die suiwer leer te handhaaf. Die modernisme en liberale teologie het ‘n meer Roomse benadering tot die Skrif ingelei en gemaak dat die gesag van die Skrif gerelativeer en ingeperk is.

Om as geloofsgemeenskap terug te beweeg na ‘n meer Skrif-getroue benadering, is met ander woorde noodwendig noodsaaklik. Die wekroep “Ecclesia reformata semper reformanda” (die hervormde kerk hou aan om te hervorm) is van groot belang. Hierdie herhaalde terugkeer na die één bindende dokument, kan beteken dat die gemeenskap uit die dwingelandy van ‘n ketterende struktuur moet beweeg.

Wanneer byvoorbeeld een persoon, of ‘n familie, of ‘n groep mense besluit dat lojaliteit aan die suiwer Evangelie van groter belang is as lidmaatskap van die NHKA of die NGK - is dit kerkskeuring? Wanneer die oorgrote meerderheid van ‘n gemeente besluit dat hulle hulself nie kan vereenselwig met die dwalinge wat goedkeurend benader word nie en hulle verlaat sonder bates die kerk, is dit kerkskeuring? Wanneer hulle bates beveilig, of hulle gewoon met bates afskeid neem van ‘n kerk waarvoor hulle baie lief is, is dit dan kerkskeuring?

Bybels gesproke lyk dit asof die kerk nie kan skeur nie. Wanneer daar ‘n skeiding van die weë was op grond van arbeids indeling (Paulus en Barnabas) word dit genoem sonder om veroordelend daaroor te wees, of dit as skeuring af te maak. Vir die kerk om te skeur, is tog onmoontlik.

Die kerk is die liggaam van Christus. Al wat gebeur, is dat 'n menslike struktuur deur dwalinge weggelei word van Christus. Die aanhang van dwalinge, selfs die blote huisves van dwalinge, kan nie goedsmoeds aanvaar word nie. Gemeentes wat wegbeweeg van die liberale kettery is besig met 'n herstrukturering van die gemeenskap van heiliges. Anders gestel: Die onsigbare kerk is die liggaam van Christus. Die sigbare kerk, die menslike struktuur daarvan, is aan verandering onderworpe. Soms is herstrukturering nodig om dwaling te bestry. Hierdie herstrukturering is immers gehoorsaamheid, nie (kwaadwillig genoemde) skeurmakery nie. Wanneer hedendaagse protestante as skeurmakers geëtiketteer word, is dit eintlik die lui liberale onderrok van die maghebbers wat uithang. Kom ons voer diepgaande gesprek en hou op met die roepende stem Kom ons voer diepgaande gesprek en hou op met die roepende stem brutaal stilmaak.

# BERIGTE

## BONDSVERGADERING VAN DIE GHG

### Bestuursvergadering

Die tweede vergadering van die GHG se bestuur vind eerskomende Vrydag 21 Julie 2023 plaas. Verskeie sake sal bespreek word.

Die komende Bondsvergadering te Koster se Agenda gaan opgestel word. Verskeie sake rakende die toekoms van die GHG, in besonder die opleiding van predikante, sal voorkeur geniet in die opstel van die Agenda.

## DAMES

Die Bondsdames se bestuur het Dinsdag, 18 Julie vergader. Die dames fokus hierdie jaar op die tema: Die pad vorentoe. Dames word uitgenooi om die Maandag (11 September 2023) se byeenkoms in Koster by te woon. Damesverenigings word per e-pos op hoogte gehou.

## LEESPREEK BUNDEL

Die Predikanteberaad van 2022 het aan Ds. Antoinette van Zyl die opdrag gegee om 'n preekbundel vir gebruik deur Bondsgemeentes saam te stel. Ons wens haar graag geluk met die finale produk. Ons dank ook aan al die predikante wat deelgeneem het aan die projek. Gemeentes kan in krisis van hierdie bundel gebruik maak. Dit sal in PDF formaat gestuur word en ook op die Bond se webwerf beskikbaar wees.

## LEWENSBROOD 2024/25

Die redaksie span is besig om die dagstukkies te lees en taalkundig te versorg. Ons wil nou reeds ons dank aan predikante oordra vir netjiese, gehalte oordenkings wat ingedien is.

Lewensbrood 2024 sal teen November 2023 beskikbaar wees. Plaas nou reeds u bestellings by u plaaslike gemeente. Gelowiges van buite die GHG wat jaarliks die Lewensbrood ontvang, moet met Ella kontak maak by ella@geloofsbond.org.za.

Met ons drukkers wat onderhandel het met die verskaffers, kan ons hierdie jaar die LEWENSBROOD **TEEN DIESELFDE PRYS AS VERLEDE JAAR BESKIKBAAR STEL. Net R150** per eksemplaar. Kyk ook na advertensie aan einde van Koersvas. BESTEL BETYDS!

# KENNISGEWINGS

## BYBELVASVRA

Gemeentes word herinner aan die jaarlikse Bybel vasvra wat hierdie maand plaasvind DV op Sondag die **30ste Julie 2023**. Bestek: **Rut en algemene Bybelkennis** (elk 50% van die vraestel)...

Predikante van deelnemende gemeentes word versoek om per e-pos aan ljstrauss@lantic.net die vraestelle en memoranda aan te vra.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke

Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

**FINANSIERING**

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

# Lewensbrood 2024

Dagboek met oordenkings vir elke dag

***R150-00 per Boek • Posgeld uitgesluit***

Bestellings moet by u gemeente geplaas word.
Indien u nie in 'n Bondsgemeente is nie kan bestellings by *Ella Joubert per WhatsApp 082 564 1915 of per e-pos: ella@geloofsbond.org.za* bestel word.

Sluitingsdatum vir bestellings is 22 Oktober 2023

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**
Reg. 2009/003378/24

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**
☏ 012 754 5454
kontak@oranjekas.co.za